higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1370**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

11 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die provinsiale wetgewer vaardig verordeninge uit.

1.1.2 Regeringsregsadviseurs gee regsadvies aan staatsdepartemente.

1.1.3 Beplanning behels dat die take gekies word wat uitgevoer moet word om die organisasie se doelstellings te bereik.

1.1.4 Die openbare beskermer kan nie hofbeslissings ondersoek nie.

(4 × 2) (8)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Oudit alle transaksies in staatsinstellings	A	visuele tegnieke
1.2.2	Bevorder die regering se reputasie	B	provinsiale ordonnansies
1.2.3	Word gebruik wanneer werklike situasies gedupliseer moet word	C	premier
1.2.4	Die hoof van 'n provinsie	D	ouditeur-generaal
1.2.5	Onderneming in staatsbesit	E	Departement van Gesondheid
		F	openbare betrekkinge
		G	Eskom

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Thuli Madonsela se termyn as openbare beskermer het op 14 Oktober 2016 ten einde geloop.

1.3.1 Noem die persoon wat vir Thuli Madonsela opgevolg het. (2)

1.3.2 Dui die ampstermyn van die openbare beskermer aan. (2)

1.3.3 Bespreek die openbare beskermer se magte en funksies. (8)

1.3.4 Gee redes vir die openbare beskermer se beheer oor uitvoerende (openbare) instellings. (10)
[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Tabuleer die verskil tussen privaatondernemingsbestuur en openbare-instellingsbestuur. (10)

2.2 Bespreek die verhouding tussen die sentrale regering en die provinsiale owerheid. (10)

2.3 Beskryf opvoedkundige dienste as 'n lynfunksie. (10)

2.4 Die openbare sektor kan besluit om private konsultante aan te stel of om sy eie personeel as werkstudiebeamptes op te lei.

Verduidelik VYF nadele verbonde aan die aanstelling van private konsultante. (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik motor- en ander vervoer as 'n instrumentele funksie. (10)

3.2 Noem en bespreek VYF instrumente wat gebruik word om produktiwiteit te meet. (10)

3.3 Gee redes daarvoor dat die bevolking ingelig gehou word oor die bedrywighede van openbare instellings. (8)

3.4 Noem SES spesifieke analitiese tegnieke wat gebruik word om prosedures en metodes om werk gedoen te kry, te verbeter. (12)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SES generiese administratiewe funksies. (12)

4.2 Die plaaslike-owerheidsverkiesing van 2016 het tot gevolg gehad dat die ANC van die metropolitaanse munisipaliteite, waaroor hy beheer uitgeoefen het, verloor het.

4.2.1 Beskryf die verhouding tussen die Tshwane metropolitaanse munisipaliteit en die Gautengse provinsiale owerheid. (16)

4.2.2 Wanneer munisipaliteite nie hul konstitusionele funksies kan verrig nie, kan ingryping ingevolge artikel 139(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, nodig wees.

Identifiseer die ingrypingsproses wat die Gautengse provinsiale owerheid kan onderneem indien die Tshwane metropolitaanse munisipaliteit nie presteer nie. (12)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik DRIE bestuurstyle. (15)

5.2 Noem DRIE voorbeelde van semistaatnavorsingsinstellings. (6)

5.3 Onderskei tussen programmeerbare en nieprogrammeerbare besluite. (4)

5.4 Bespreek VYF faktore wat die hersiening van prosedures beïnvloed. (15)
[40]

TOTAAL VIR AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou